

Nuusbrief

PRETORIA-STREEK

Julie 2023

Skrifgedeelte

"Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is." Lukas 6:36 (AFR83)

Streeksprojekte

Handjievat-dag

Handjievat-dag was heel prettig en al die kinders het aandagtig geluister na die aanbieding van VAT 5 met waardes. Hulle het geleer van liefde, geduld, dankbaarheid, vrede en vriendelikheid. Al die maatjies het so hard as wat hul kan geskree om vir Handjie te roep totdat hy 'n paar danspassies saam hulle gemaak het.



Jeugkongres 2023

Die Pretoria Jeugaksie bied DV 30 September 2023 hul heel eerste jeugkongres aan. Die doel van die kongres is om die jeug te bemagtig en hulle kennis oor die belangrikheid van die jeug in hul gemeenskappe uit te brei. Hulle moet weet dat 'n gemeenskap nie volhoubaar sonder die jeug kan voortbestaan nie.

Ons nooi graag leerders in graad 11 en 12 ook uit na die kongres.

Stuur asseblief hierdie uitnodiging aan en gaan deel dit gerus op sosiale media.

JEUG aan die BEWEEG-kongres

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING
JEUG-KONGRES

Opvoeding - - Opleiding - - Ontwikkeling
Bemagtig jouself en maak 'n verskil.

SATERDAG 30 SEPTEMBER 2023 | 07:30 - 15:00

Sol-Tech-kampus R150 per persoon

Hou ons Facebook-blad dop vir meer inligting.

Lief en Leed

Verjaarsdae:

- 1 — Henning Noëth
- 6 — Fanie van Tonder
- 7 — Cobus Holtshauzen
- 9 — Lize-Mari Buys
 - Tania Breytenbach
- 11 — Cassie van der Merwe
- 12 — Dawid Deysel
- 15 — Luzanne Niemand
- 26 — Lorinna Walker
- 29 — Johan Kriel
 - Babsie Joubert
- 31 — Christelle Malan

Belangrike datums

Julie

- 6 Julie – Ons Plek-vakansieprogram (Jeugaksie)
- 22 Julie – Maatskaplike opleiding
- 24 Julie – Rekenaaropleiding
- 28 Julie – LIG-konsert

Augustus

- 5 Aug. – MultiDome-loodsing
- 9 Aug. – Bekendstelling van Vroue in Beweging
- 9-12 Aug. – KragDag
- Vroueprojek

Groete Pretoria-Streek



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

Nuusbrief

PRETORIA-STREEK



Plek: Ons Sentrum
Tyd: Sal bevestig word
RSVP voor of op 17 Julie

Ek nooi julle graag uit na 'n wonderlike opleidingsessie op 22 Julie 2023.

Dit gaan handel oor hoe om onthullings van senior persone en kinders en blootstelling aan gebrokenheid in ons gemeenskappe te hanteer.

Bring gerus vroe saam vir verdere bespreking.

Bianca Steyn, streeks maatskaplike werker

Pretoria Jeugaksie



Blikskud

Die Jeugaksie het weer gaan blikskud en sien waarlik dat die gemeenskap wil belê in die jeug se toekoms. Dit is altyd verstommend om te sien watse verskil 'n paar muntstukke kan maak.

Omgee-week

Dit is omgeeweek by Akademia en die Pretoria Jeugaksie het 'n draai gaan maak om die studente met omgeeharte 'n bietjie meer te vertel van Helpende Hand.



Julie 2023



Helpende Hand
bied met trots aan:



'MAAK LOS JOU BOLLA EN BRING JOU HANDSAK!'

'n komiese teaterproduksie oor 'n vrou n haar en handsak.

DATUM: 16 September 2023

TYD: 10:30 VM

PLEK: Afriforum Teater, Pretoria

TAFEL KAARTJIES: R500.00 beskikbaar by mariana@helpendehand.co.za (driegang maaltyd en wynproe ingesluit)

GALLERY KAARTJIES: R250.00 beskikbaar by afriforumteater.co.za (driegang maaltyd en wynproe uitgesluit)

Netwerkgeleentheid vir sakevroue met 'n driegangmaaltyd en wynproe ten bate van Helpende Hand Pretoria-streek



LIG Konsert 28 Julie

Die Afrison LIG-konsert
Ten bate van Solidariteit Helpende Hand

28 JULIE 2023
Deure open om 17:00
Vertoning begin om 18:00

Sol-Tech-kampus, Monumentpark
R250 per volwassene | R125 per kind onder 12 OF
R1 920 per tafel vir 8 persone, aandete en verversings ingesluit

Vernon Barnard

Drie van die Bestes

Prop

Sarina Bosman as SM

Kaartjies beskikbaar by www.ligkonsert.co.za

Groete Pretoria-Streek



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

Nuusbrief

PRETORIA-STREEK

Julie 2023

Moot-Wes-tak het in Junie hul Silwerkroon Gemeenskapstuin-projek gehad. Daar is reeds elf groentekaste by inwoners neergesit en vier by die kombuis. Die wenner van die groentetuin-projek is ook aangewys. Die winterwenner vir die tuinprojek sal in September aangekondig word.



Tuisversorgers

Die nuwe tuisversorgingstudente het in Junie kom kers opsteek oor wie Helpende Hand is en wat volhoubare projekte behels. Ons wens hulle sterkte toe met hulle studies en kan nie wag om te sien watter projekte hulle gaan uitrol nie.



Studielenings

Aansoeke vir rentevrye studielenings het op 1 Julie geopen. Studente moet voor 30 September aanlyn aansoek doen. Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.



Piet Tande

Piet Tande is in Oktober in die Pretoria-streek aan die beurt. Begin solank aan idees dink vir wanneer hy kom kuier en by watter skole julle hom graag sal wil gebruik.

Hier is 'n paar foto's uit ander streke.



OKTOBER

Rekenaar Opleiding

Die tweede groep rekenaarstudente begin op 24 Julie met hulle opleiding.

Kontak gerus vir Mariana by mariana@helpendehand.co.za vir enige navrae.

Opleiding in Rekenaarvaardighede

HELPENDE HAND PRETORIA-STREEK bied opleiding in **Rekenaarvaardighede** aan vir persone wat nie opleiding by ander instellings kan bekostig nie.

Die kursus begin op **Maandag 24 Julie** en duur vier maande. Klasse word elke Maandag en Vrydag van 13:00 tot 15:00 by **Ons Sentrum, Danie Theronstraat 218 in Pretoria-Noord** aangebied.

Die volgende vaardighede word gedek:

- Internetgebruik
- MS Word
- MS Excel
- MS PowerPoint

Persone wat die opleiding volledig deurloop, ontvang na afloop van die kursus 'n bywoningsertifikaat. **DIE KOSTE BELOOP R200 PER PERSOON.** Slegs 'n beperkte aantal plekke is beskikbaar.

Indien jy belangstel, stuur voor of op 10 Julie 2023 vir Mariana Kriel 'n e-pos met 'n motivering waarom jy die kursus wil bywoon na mariana@helpendehand.co.za. Jy kan haar ook kontak indien jy enige navrae het of meer inligting benodig.

Groete Pretoria-Streek



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING